

## Gesamentlike operasie lê beslag op miljoene in sigarette

**Tshwane, 27 Februarie 2023** - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) se nasionale doeane-wetstoepassingtaakspan, in samewerking met die Suid-Afrikaanse Polisie (SAPD) en die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW), het die naweek van 25 - 26 Februarie trokke vol onwettige sigarette onderskep na ontvangs van intelligensie.

Dit vorm deel van voortgesette pogings om die doeltreffendheid van doeane te versterk in die bekamping van onwettige handeldryf, veral in tabak en sigarette. Die gesamentlike optrede het plaasgevind in areas en op plase langs die Suid-Afrikaanse grense heen. Hierdie noemenswaardige opsporings, wat oorgrense smokkelary behels, behels as volg:

- 'n Totaal van 1 185 meesterkiste onwettige sigarette met handelsmerke soos Remington Gold, Chelsea en Royal Express, ter waarde van miljoene, wat teruggehou is.
- Vier mense wat in hegtenis geneem is en kriminele sake teen hulle aanhangig gemaak is in verband met handeldryf en smokkeling van onwettige sigarette.
- Verder is vier trokke, een bakkie en een trekker met 'n sleepwa, van miljoene waarde, teruggehou wat gebruik was om die onwettige sigarette te vervoer.

Die uitkoms van hierdie spesiale operasie bevestig dat, sedert die intree van ondersoekwerk na sindikate wat SARS die afgelope drie jaar in die tabak- en sigaretindustrië behartig, is daar skuiwing jeens verhoogde oorgrense smokkelary. In hierdie geval, sal plaaslike vervaardigers, wat aan die handelsmerke gekoppel word, betrek word as deel van ons voortgesette ondersoeke, omdat dit bekend is dat hierdie sigarette buite Suid-Afrika van oorsprong is.

Dit regverdig ook die gevolgtrekking, gebaseer op waargenome neigings, dat gemiddeld meer as 500 mense elke dag die grens oorsteek, met elke mens wat minstens twee meesterkiste onwettige sigarette op hul rûe dra. Sodanige sigarette word dan op trokke, sommige deur Suid-Afrikaners besit, en kleiner voertuie gelaai wat alternatiewe roetes langs die grens heen gebruik, kop in een mus met sommige plaaslike boere, om hul voorgenome bestemming te bereik vir verspreiding na die plaaslike mark.

SARS sal volhard in die versterking van sy doeane-wetstoepassingskapasiteit en -vermoëns om onwettige handeldryf te bekamp in samewerking met ander wetstoepassingsagentskappe, met die oog op die verbetering van die belasting- en doeane-ekosisteem, en die beskerming van die soewereiniteit van die Republiek van Suid-Afrika, deur dit duur en moeilik te maak vir handelaars en belastingpligtiges wat opsetlik en misdadig nienakomend is.

SARS-kommissaris mnr. Edward Kieswetter het die gesamentlike pogings van die wetstoepassingsagentskappe, wat tot hierdie suksesvolle operasie gelei het, geprys. Hy het ook sy diep bekommernis uitgespreek teenoor die beweerde betrokkenheid van menige sindikate by hierdie operasies binne die aangrensende plaasgemeenskappe, insluitend diegene wat hul eiendomme en voertuie gebruik in samewerking met sodanige sindikate.

"Ons sal alle inligting gebruik, wat deur wetstoepassingsagentskappe ingesamel is, om diegene wat by hierdie sindikate betrokke is op te volg en te vervolg waar nodig. Almal wat betrokke is, ongeag hul nasionaliteit, sal die volle mag van die wet in die gesig staar. Ons sal voortdurend ons wetstoepassende pligte uitvoer sonder aansien des persoons om ons plaaslike industrië te beskerm en ekonomiese ontwikkeling te bevorder".

Vir meer inligting, kontak [SARSMedia@sars.gov.za](mailto:SARSMedia@sars.gov.za).